Die Hi-Fidelity, een van die gunstelinge in die Saldanha-wedvaart. Dié jag is deur sy eienaar, Eddie de Villiers van Somerset-Wes, van die Ooste ingevoer en kan weer sterk teenstand van Nicholas Mace op die Gumption verwag. Foto: EBEN HUMAN

BURGER 23/2/2007

Rekord-getal jagte kan in Mykonos-regatta wegspring

EBEN HUMAN

KAAPSTAD. – Die maksi-seiljag Doughty, met Ryan Lotter as skipper, kan vanoggend 'n rekord van 80 seiljagte uit Tafelbaai lei vir die jaarlikse Club Mykonos-regatta.

Ou bekendes soos die Voortrekker (Matthew Mentz), Auto Atlantic Thunderchild (Rhett Goldswain), Maestro (Ankie Roux), Aurora (Mel Hawtrey), Unleashed (Hylton Hale), Gumption (Nicholas Mace), Witchdoctor (Phil Gutsche) en Hi-Fidelity (Eddie de Villiers) is die jagte wat ook na lynlouere kan mik.

As die wind egter sterk suidoos begin pomp, gaan die Doughty, voorheen bekend as die Merlin, moeilik in toom gehou word. Die Simonis-65-ontwerp is 'n reus en sal sy teenstanders behoorlik kan boelie wanneer hulle met hul boegspriete in die rigting van Dasseneiland en Saldanha mik.

Die belangstelling in seiljagvaart is besig om die hoogte in te skiet met Mark Sadler se Suid-Afrikaanse America's Cup-seilspan wat in Valencia gereed maak vir sy finale aanslag op die seiljag Shosholoza.

Seiljag-koors sal teen April 'n hoogtepunt bereik wanneer die Shosholoza in sy laaste Louis Vuitton-regatta begin meeding.

Dis duidelik dat die plaaslike vaarders alles baie aansteeklik vind. Dit is niks ongewoons nie om deesdae meer as 60 seiljagte op 'n Woensdagaand te sien seil in die Royal Cape-klub se plaaslike reeks.

Daar is ook nog wedvaarte na Mosselbaai en Walvisbaai wat voorlê. Dis egter 'n handjievol wat die lang wedvaarte wil aandurf.

Die Shosholoza verteenwoordig Royal Cape amptelik in die stryd om die America's Cup – iets waarop kommodoor Craig Middleton en sy klublede nie verniet baie trots is nie.

"Die inskrywings is 'n rekord. Ons sal om halfnege in twee groepe wegspring," het Middleton gesê.

Middleton het bygevoeg die regatta word ook goed ondersteun deur die klubs van Langebaan en Saldanha.

Die biesies gaan behoorlik bewe die naweek aan die Weskus terwyl die regatta môre by Langebaan voortgesit word.

Dis in die wedvaarte om die boeie waar die mans van die seuns geskei sal word en die kompetisie sy hoogtepunt sal bereik.

Verskeie L34- en Muira-jagte is in geskryf en 'n strawwe stryd word tussen hulle verwag.

Baie van die deelnemers wil weer teen Sondag windop en dan dalk baie pootuit terug na Tafelbaai seil.

Die inskrywings in Klas 1 is: Voortrekker (Matthew Mentz), Pacer Two (Anthony Wentworth), Aladdin (Bjorn Geiger), Freedom (Carel van der Merwe), Melges Racing (Dave Hudson), Harken Racing (Paul Wilcox), Majimoto II (Paul Maré), Aurora (Mel Hawtrey), Auto Atlantic Thunderchild (Rhett Goldswain), Wallbanger (Brian Gardener), Miss Isle (Hennie McClachlan), Megafreight (Jendo Ocenasek), Doughty (Ryan Lotter), Quicksilver (Mike Klostermann), Sheshisha (Lood Rabie), Always Well (Ralph Thomas), Spilhaus III (Teddy Kuttel), Maestro (Ankie Roux), Ballyhoo Too (Iain Park-Ross), Unleashed (Hylton Hale), Enigma (James Beaumont), Tenacity (E. Stern/A. edwards), Gumption (Nicholas Mace), Donna Mia (Jeremy Bagshaw), Witcdoctor (Phil Gutsche), H-iFidelity (Eddie de Villiers).